

## BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

C.F.J. MULLER: *Die Groot Trek in Beeld*. Tafelberg, Kaapstad, 1978, 111 pp., R35,00

Prof C F J Muller, hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika, staan bekend as die grootste gesaghebbende oor die tydperk van die Groot Trek, getuig o.a. sy *Die Britse Owerheid en die Groot Trek* (1948), *Die Oorsprong van die Groot Trek* (1974), *Leiers na die Noorde* (1976) en verskeie studies wat in tydskrifte verskyn het. Tot 'n groot sintese van die Trekydperk, 1834—1854, het hy dit nog nie gebring nie. Na so 'n werk wat verskeie bande kan beslaan, word daar met reg deur historici uitgesien. 'n Mens wil die hoop uitspreek dat dit vir hom in sy leeftyd moontlik sal wees om ons historio-grafie met so 'n prestasie te verryk.

Prof Muller het bekend geword vir sy empiriese wyse van tewerkgaan, sy speurtog na bronne hier, en in buitelandse argiewe, sy ontleding van besonderhede en sy pynlik noukeurige weergawe van gegewens. Waarskynlik het hy self die behoefte aan 'n sintese gevoel, maar dit het 'n ander vorm aangeneem, nl. 'n album met visuele dokumente uit en oor die Groot Trek. Die geskrewe dokument is nie die enigste soort bron wat lig op die verlede werp nie. Ook die fisiese bron, die materiële oorblyfsel is van belang. En hierby kom die visuele bron, die prent, kaart, tydgenootlike foto's, afbeelding van die geskrewe dokument self, tekeninge, skilderye of grafiese illustrasies uit boeke.

Hier kan tussen twee tipes onderskei word, die tydgenootlike en die nátydgenootlike. Die tydgenootlike het groot illustratiewe waarde. Talentvolle persone het 'n besondere gebeurtenis in 'n grafiese werk of skildery vasgelé soos dit die geval was met Andries Pretorius. Die nátydgenoot het 'n slag gerekonstrueer deur van dokumente en sy verbeelding gebruik te maak of 'n herinneringsbeeld te skep, met die doel om 'n skriftelike verslag te illustreer. Ook dié is van belang om 'n tydperk te belig. Op pp 105—108 vind ons 'n lys van waaruit die beeltenisse afkomstig is — boeke en dokumente uit biblioteke, museums en argiewe — wat toon watter ontsaglike onderneming die aanbidding van hierdie album was. 'n Kort literatuur- en bronnelys verantwoord sy kennis van die tydperk. 'n Register vergemaklik naslaanwerk.

Vir die studie van 'n tydperk het die visuele of fisiese bronne besondere waarde. Deur die geskrewe woord word wel 'n beeld opgeroep van die mens, plekke en gebeurtenisse. Die beeltenisbron laat jou egter die mens, plek en gebeurtenis direk aanskou, wat 'n duideliker en lewendiger beeld voor die gees roep en jou beter toegang tot die verlede bied. Die beeltenis of fisiese dokument is 'n besondere sleutel tot die geskiedenis en 'n hulpmiddel by die studie daarvan. Hier geld ook die spreekwoord "sien is glo". Van ewe groot belang is besoeke aan historiese plekke wat die verbeelding gaande maak en die mens van die verlede nader bring.

Die samesteller kom self min aan die woord. Hy gee leiding aan die belangstellende deur by elke afdeling agtergrondmateriaal en kronieke — datumlyste met gebeurtenisse — te verstrek. Die beeltenis self moet by die leser 'n aaneengeslote verhaal in sy gees vorm wat eenheid en samehang in die afdeling bring. By elke foto, prent of dokument is 'n beskrywing aangebring. Nie alleen is enkele sleuteldokumente in handskrif opgeneem nie, maar ook gepubliseerde stukke soos tydgenootlike proklamasies wat die oorspronklike vorm na vore bring.

Prof Muller gee vooraf 'n chronologie van die hele tydperk, 'n kaart belig die geografiese ruimte en enkele kleurplate die gebeurtenisse. Interessant is die historiese voorstelling van die Slag van Bloedrivier soos in tekening of skildery uitgebeeld. Sommige skrywers het die vorm van die laer vierkantig voorgestel (p. 67); die mees korrekte is die bekende W H Coetzer se laer in D-vorm (pp. 14—15). Van belang is die vroegste voorstelling van die Slag van Bloedrivier deur die Fransman, Delegorgue, en kapt. Robert Garner se sketskaart van die Slag (p. 66).

Die skrywer deel sy werk in afdelings, o.a. vir die land en sy mense, die Difagane, Trekboere en Voortrekkers, oor die Grootrivier, Natal, die Republiek Natalia, die nuwe grense en die nuwe Republieke. Die beeltenismateriaal is hiervolgens gesistematiseer. Op p. 100 kom twee verse van 'n gedig voor sonder in verwysing na die bron met as toeligting: "Uit die slotverse van 'n "feeslied" gesing op die wysie van Ps. 130 deur Boere ter herdenking van 16 Desember, waarskynlik na die Britse anneksasie van Natal. (nr. 34). Volgens *De Express* van 15.2.1887 wat hierdie "Feeslied" *in toto* opgeneem het, het G L Smit dit vir publikasie ingestuur met 'n verduideliking dat dit in 1840 (waarskynlik na die laaste veldtog teen Dingaan) "door een van onze boeren, die een lijder in die dagen was", gedig is.

Hierdie boek is onmisbaar vir die leerling, student, historikus en algemene leser om tot 'n behoorlike begrip van die Groot Trek te kom. Dit hoort in die boekery van elke liefhebber van die geskiedenis.

F.A. VAN JAARSVELD  
Universiteit van Pretoria

ERIC H BOLSMANN, *The Mount Nelson*. HAUM, Pretoria, 1979, R6,50.

*The Mount Nelson* is 'n historiese skets van die bekende Kaapstadse hotel wat in Maart 1899 sy deure oopgemaak het vir besoekers van heinde en verre. Die skrywer, mnr. Eric Bolsmann, wat van beroep in die hotelbedryf is, het daarin geslaag om naas die geskiedenis van 'n onderneming ook 'n bydrae te lewer tot die sosiale geskiedenis. Die werk belig oorsigtelik die geskiedenis van die vroeë Kaapse herberg, kroeg en hotel.

In die laaste jare van die negentiende eeu het die passasiërskeepvaart opgebloei langs die Suid-Afrikaanse kuswaters. Ten einde 'n hoë gehalte van huisvesting te bied aan die duisende oorsese toeriste wat jaarliks by Kaapstad aangedoen het is die Mount Nelson gebou. Die skeepsmaats, sir Donald Currie, het 'n belangrike aandeel gehad in die totstandkoming van die hotel wat steeds vandag bekend is vir uitmuntende diens. Maar die klante is nie meer slegs skeepspassasiërs nie, want soos mnr. Bolsmann in 'n ietwat nostalgiese toon aandui, is 'n era afgesluit met die opskorting van die passasiërskeepvaart langs Suid-Afrikaanse kuswaters in 1978.

*Die Mount Nelson* is 'n handige verwysingswerk vir diegene wat voornemens is om 'n besoek aan die hotel te bring of wat graag 'n herinnering wil hê van 'n aangename verblyf daar. Die taalversorging in die werk is goed. Enkele begrippe soos die "freeburghers" (p. 8) kan moontlik verwarring skep. Die 'little' in die beskrywing van Napoleon (p. 39) kon liefs uitgelaat gewees het. Op p. 105 is 'London' verkeerd gespél.

J.W.N. Tempelhoff  
Universiteit van Pretoria

E.J. DIJKMAN, *Di Suid Afrikaanse Kook-, Koek- en Resepte Boek*. (Herdruk van die eerste uitgawe van 1891), Human en Rousseau, Kaapstad, 1979, 146 pp., indeks, R7,95.

In onlangse jare is daar toenemend deur verskeie plaaslike uitgewers begin met die herdruk van werke wat in die baanbrekersfase van die Afrikaanse taal die lig gesien het. Hier word slegs gedink aan die onlangse herdruk van *Di Patriot*. Die werk van mej. Dijkman is dan ook van besondere belang in hierdie opsig. Haar man, H.J. Dijkman, het vir die firma van D.F. du Toit gewerk wat verantwoordelik was vir die publikasie van *Die Patriot*. Sy is in 1840 in Engeland gebore en het saam met haar ouers na Suid-Afrika gekom waar sy die Afrikaanse kultuur in al sy geleidinge opgeneem het. (Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II, pp. 202-3).

Die herdruk van hierdie werk dien 'n drieledige doel deurdat dit eerstens verteenwoordigend is van die Afrikaanse taal *circa* 1891, tweedens 'n belangrike bron is vir die verstaan van die kultuur- en sosiale geskiedenis van die tyd waarvoor daar al hoe minder inligting bestaan, en laastens is dit ook 'n handige bron vir raadpleging in enige kombuis.

In die voorwoord voer die skryfster aan dat die resepte se versameling oor 25 jaar strek. Sy was aanvanklik van plan om dit in Engels uit te gee, "Maar myn vrinde het my gevraag om dit lievers in Afrikaans te doen, dan kan onse Afrikaanse Onderveldse susters — die minder of gen Engels ken -oek nut daarvan hê." Dat hierdie werk aan 'n behoefte voorsien spreek duidelik uit die feit dat dit teen 1956 reeds sy 18e druk deurgemaak het. (S.A. Biografiese Woordeboek, II, p. 203).

Naas resepte is daar ook heelwat boererate wat uiteenlopend van aard is soos byvoorbeeld om vlieë weg te hou (p. 124) en 'n handige doepa vir sooi-brand (p. 134). Ook is daar 'n tiental spreuke van goeie Boerewysheid.

'n Enkele moontlike nadeel van die spesifieke herdruk is die feit dat dit nie in die oorspronklike druk verskyn nie. Hoewel die spelling streng is volgens die eerste uitgawe en die illustrasies ook kontemporêr is sou dit nogtans 'n groot hulp gewees het vir diegene wat belangstel in die 19e eeuse drukkers-tegnologie.

In geheel is die werk 'n ware kultuurjuweel en 'n handige verwysingswerk van 'n vorige eeu se kultuur vir die historikus.

J.W.N. TEMPELHOFF  
Universiteit van Pretoria

E.H. BURROWS, *Captain Owen of the African Survey, 1774—1857*. A.A. Balkema, Rotterdam Kaapstad, 1979, viii, 248 pp., R20,00.

Dis merkwaardig hoe telkens die persoonlike karakter en belangstelling van 'n enkeling 'n deurslaggewende invloed kan uitoefen op gebeurtenisse in die wêreld.

Hierdie boek beskryf eers die agtergrond waarteen William FitzWilliam Owen opgegroeï het. Sy vader stig 'n volksvestiging by Passamaquoddybaai, op die eiland Campobello, Nu-Brunswick. Veral as gevolg van sy nugterheid en sterk ontwikkelde deursettingsvermoë, was dit 'n sukses. Vervolgens is hy oor-geplaas na Indië, waar hy dood is. Sy vriend Thomas Rich het hom daarna oor sy twee seuntjies ontferm en hul opvoeding behartig. Albei was bestem vir die Britse seemag, soos nouliks anders verwag kon word.

William Owen is vanuit Europa na die Kaap gestuur en het die eerste Britse inbesitneming meege-maak. Naderhand is hy van die Ooste weer na die Kaap gestuur, waar hy van die tweede inbesitneming getuie was. Hy het ook die Britse verowering van Java meege-maak, terwyl hy later as gevangene op Mauritius vertoef het. Hier was hy in geselskap van die ontdekkingsreisiger Matthew Flinders, van wie hy baie geleer het in verband met kuskartering.

Nadat hy vry gelaat is, het Owen in 1811 die kapteinsrang bereik. By 'n opname van die eiland Borneo het hy vir die eerste keer kennis gemaak met kapers en slawehandelaars. Dit het groot invloed op sy verdere lewe gehad.

Engeland het eers laat die belang besef van hidrografiese opname. Eers in 1795, as gevolg van die gedurige oorlogsbedreiging van Frankryk, het dit onder die aandag van die marine outoriteite gekom. In 1814 het Thomas Hurd, 'n see-offisier wat by hidrografiese opnames betrokke was, 'n oorsig saamgestel van die juiste geografiese kennis waaroor op die oomblik beskik is, en vermeld watter dele van die wêreld nog in kaart gebring moes word. Dis hy wat die grondslag gelê het van die hidrografiese opnamediens van die Britse seemag. Engeland het onderneem om die kustreke wat nog onbekend was, te laat opmeet en tegelykertyd teen die slawehandel op te tree.

Owen het opdrag ontvang om die Kanadese meregebied in kaart te bring. Gedeeltelik was dit met die oog op 'n moontlike oorlog teen die Franse magte in daardie gebied, 'n oorlog wat nooit verwerklik het nie. Hy het egter nuwe instrumente en metodes uitgetoets en leer hanteer. Vir die eerste keer is sulke kaarte ook beskikbaar gestel aan die publiek.

Ná Amerika het die swaartepunt van die Britse belange in die Ooste gelê. Van die roete daarheen was egter sowel die Oos- as die Weskus van Afrika dikwels baie onnoukeurig of anders glad nie in kaart gebring nie. Owen is na die Ooskus van Afrika gestuur met die opdrag om onberispelike roete-kaarte saam te stel en om tegelykertyd teen die slawehandel op te tree. In 1822 is hy in Simonstad om 'n taak te begin van 4½ jaar sou duur. Hy het baie teenslag ondervind, deels as gevolg van malaria. Nadat die Indiese en Arabiese kus, en 'n aantal eilande opgeneem is, het hy hom na die Afrikaanse Ooskus gewend. Hier het hy betrokke geraak in die plaaslike politieke konkelarye, veral in Mombasa. Inmiddels het hy teen die slawehandel opgetree waar hy kon. Op die terugweg het hy groot afstande van die Weskus opgeneem. In die totaal het hy 20,000 myl hidrografies opgeneem. Daar was meer as 300 kaarte nodig om al hierdie gegewens te kan vaslê.

Na beëindiging van hierdie taak het hy die eiland Fernando Po, aan die Weskus van Afrika, beheer om vrygemaakte slawe 'n voorlopige heenkome te laat vind. Vervolgens het hy na Suid-Amerika gevaar en o.a. om Kaap Horing geseil. Ten slotte het hy hom op Campobello gevestig, waar hy sy deel bygedra het op plaaslike terrein en nog opnamewerk verrig het.

Stryd teen die slawehandel was 'n belangrike oorsaak van die totstandkoming van die Britse wêreldryk. Om hierdie mense-handel teen te gaan was dit noodsaaklik om sulke streke te beset; die ou faktoriesisteam was heeltemal ontoereikend. Die stamhoofde was dikwels belangrike aanmoedigers van slawehandel.

Owen se "Narrative of Voyage" (1833) en die groot aantal seekaarte wat hy gemaak het, was 'n gids vir die argitekte van die groeiende Britse ryk. Owen gee beskrywings van eilande in die Indiese Oseaan en van die Kaap. Die kuslyn van die kaart van Suid-Afrika van 1834 is gegrond op sy opname.

Die boek is paslik geïllustreer. Verwysings dui op wye navorsing en daar is 'n uitstekende indeks. Die boek is nie net 'n belangrike bydrae tot die seegeskiedenis en die geskiedenis van die wêreld-hidrografiese opname nie. Ook vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis is dit 'n besondere interessante aanvulling.

A. L. MÜLLER (red.) *Die Ekonomiese Ontwikkeling van Suid-Afrika*. Academica, Pretoria en Kaapstad 1979, 287 pp. R14,75.

Geen enkele Afrikaanse skrywer het tot op hede 'n poging aangewend om 'n bruikbare ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika vanaf die pre-koloniale era tot in hierdie eeu daar te stel nie. In die bekende *Geskiedenis van Suid-Afrika* van Van der Walt, Wiid en Geyer is daar in deel 2, wat in 1951 verskyn het, 'n afdeling oor die ekonomiese geskiedenis. Nou, agt en twintig jaar later, lewer A.L. Müller iets soortgelyk tot ons historiografie. Dat daar ernstige behoefte aan die boek wat hier bespreek word bestaan, lei geen twyfel nie.

Ongeukkig ly alle publikasies van hierdie aard aan die gebreke wat inherent is aan boeke wat uit verskillende skrywers se bydraes saamgestel is. Daar is noodwendig oorvleueling van terreine, en daar is noodwendig leemtes. Müller het wel daarin geslaag om veral laasgenoemde gebreke tot 'n minimum te beperk. 'n Kort oorsig oor die inhoud van die boek dui dit aan. Veertig bladsye handel oor die tydperk 1652–1795. (Die pre-koloniale ekonomiese toestande word geïgnoreer. Inderdaad word daar deurgaans min aandag aan die swart mense gegee.) Dan word daar meer as 'n honderd bladsye gewy aan die tydperk tot 1870. Ekonomiese aspekte van die Groot Trek, en die ekonomiese ontwikkeling van die Kaapkolonie, Transvaal en die Oranje-Vrystaat word afsonderlik behandel. Daar word ook kortliks aandag gegee aan Natal en aan die aanraking tussen Blanke en Bantoe. Die tydperk 1870–1909 word in sestig bladsye behandel en die tydperk na 1910 in byna net soveel bladsye. In elkeen van die tydperke kom oorvleueling algemeen voor.

Wat betref Müller se keuse van bydraes: dit is, afgesien van die feit dat hy hom tot Afrikaanse skrywers beperk het, goed. Seleksies uit die werke van bekwame historici en ekonome soos, om enkele te noem, A.J. Boëseken, A.J.H. van der Walt, S.P. du T. Viljoen, C.F.J. Muller, G.S. Preller, A.P.J. van Rensburg, C.G.W. Schumann, S.F.N. Gie en S.J. Kleu, is gebruik. Dit is jammer dat die samesteller nie ook uit Engelse werke vertaalde seleksies gebruik het nie. 'n Groter gebrek is dat die tydperk na 1870 nie, ten koste van die tydperk voor daardie datum, in meer besonderhede behandel is nie. Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika het eers vanaf 1870 in alle erns plaasgevind, maar meer as die helfte van die boek handel oor die tydperk voor die mynbouewolusie wat naastenby in daardie jaar begin het.

Alhoewel daar enkele gebreke in Müller se *Die Ekonomiese Ontwikkeling van Suid-Afrika* is, maak die behoefte wat daar aan so 'n boek bestaan, 'n studie daarvan die moeite werd. Die skrywer slaag in sy doel, soos in die voorwoord uitgedruk, naamlik om moeilik bekombare publikasies van talle ekonome en historici in een versameling aan Afrikaanssprekende studente beskikbaar te stel, en wel as inleidende studie. Die boek is voorsien van 'n kort literatuurlys, wat vir verdere studie geraadpleeg kan word, maar ongelukkig nie van 'n indeks nie. Die voetnote van die skrywers van wie seleksies in die boek verskyn, is, op enkele uitsonderings na, nie oorgedruk nie, en die leser sal na die oorspronklikes moet gaan om dit te raadpleeg. Die boek is netjies gedruk en gebind.

In die geheel gesien lewer A.L. Müller 'n bruikbare bydrae tot die historiografie oor die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika.

JACKIE GROBLER  
*Universiteit van Pretoria*

BOB SCRIBNER EN GERHARD BENECKE (reds), *The German Peasant War of 1525 — New Viewpoints*. London, George Allen & Unwin, 1979, x — 206 pp.

Algemene geskiedenis van die ontwikkeling van die Westerse beskawing verwys gewoonlik slegs rakinge na die Duitse Boere-opstand van 1524–1525. In sy *Die Ophoms van Europa* (Durban, 1977), wy P. de Klerk een paragraaf daaraan. In die 1957 uitgawe van *A History of Europe*, 'n boek van 1300 bladsye, wy H.A.L. Fischer slegs een sin aan daardie opstand. Tog is die gebeurtenis so belangrik geag dat die Marxist Friedrich Engels se studie daarvan verskeie vertalings beleef het. Veral in die kommunistiese Duitse Demokratiese Republiek speel die geskiedenis van die opstand vandag 'n sentrale rol, vernameklik omdat dit as die eerste moderne rewolusie beskou word.

Scribner en Benecke beskryf die Boere-opstand as sowel die laaste groot middeleeuse opstand van lyfciens as die eerste moderne rewolusie. Hulle sien dit ook as deel van 'n algehele Europese beweging van sosiale onrus. Daarom skryf hulle, behoort dit as een van die belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van Europa beskou te word. Hulle boek is dan ook deels daarop gemik om die belangrikheid van die Boere-opstand by die leser tuis te bring en hulle wys in die voorwoord duidelik op die skaarsheid aan gepubliseerde werke daarvoor. Aangesien daar geen moderne algemene geskiedenis van die Boere-opstand in Engels

bestaan nie, is hul versamelwerk daarop gemik om die leser in te lei in die verskeidenheid en omvang van die opstand, deur 'n samevatting van 'n verskeidenheid deeglike nagevorste artikels aan te bied.

Verskeie aspekte van die opstand word in die veertien versamelde artikels behandel. Een daarvan, deur Siegfried Hoyer, handel oor die wapens en militêre organisasie van die opstand. 'n Tweede en veel belangriker aspek, naamlik die noue kontak tussen die dorpe en die landelike gebiede, word deur Karl Czok behandel in sy artikel oor die sosio-ekonomiese struktuur en politieke rol van kleinstedelike gebiede in Saksie en Thuringië. Dan word die Boere-opstand as 'n regionale verskynsel behandel in die bydraes van Rudolf Endres ('Die opstand in Franconia') en Francis Rapp ('Voorgeskiedenis van die opstand in Elzas'). Die rol van politieke idees, van die siening van regte en die reg tot opstand word duidelik uitgedruk in artikels deur Horst Buszello ('Die gewone mense se siening van die staat tydens die opstand'), Heiko A Oberman ('Die evangelie van sosiale onrus') en Siegfried Hoyer se bespreking van 'n tydgenootlike pamflet oor die regte en pligte van weerstand.

Die Boere-opstand was nog altyd 'n kontroversiële saak veral wat betref die verhouding daarvan tot die Kerkhervorming. Die meningsverskil gaan oor die mate waartoe Luther se hervormingswerk tot die uitbreek van die opstand bygedra het. Verskillende standpunte hieroor is deur Scribner en Benecke opgeneem, waaronder dié van Peter Blickle ('Die Boere-opstand as 'n rewolusie van die gewone mens') en Max Steinmetz oor vroeë rewolusies in Duitsland in 1476—1535. 'n Verdere meningsverskil oor die aard van die opstand is dié tussen Marxistiese historici, soos Steinmetz, wat dit sien as die uitdrukking van 'n sosio-ekonomiese konflik, waarvan die hervorming 'n ideologiese uitdrukking was, en nie-Marxistiese skrywers soos die reeds gemelde Peter Blickle, wat die opstand ook as politieke beweging vir die herstel van reg en geregtigheid sien. Die bydrae van John C. Stalnaker ('n Sosialistiese interpretasie van die opstand'), verteenwoordig 'n balans tussen die twee interpretasies.

In die geheel gesien het Scribner en Benecke deur die versameling en seleksie van werke van moderne historici uit die VSA, Frankryk, Oos-Duitsland en Wes-Duitsland, daarin geslaag om 'n stimulerende studie oor 'n belangrike insident in die geskiedenis van die Westerse beskawing daar te stel. Die boek is van 'n omvangryke literatuurlys en goeie indeks voorsien.

JACKIE GROBLER  
*Universiteit van Pretoria*

P.G. NEL (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*. H.A.U.M., Pretoria en Kaapstad, 1979, 372 pp., R10,50.

Die Afrikaner se geskiedenis is al dikwels misbruik om hom eensydig te verguis en om andersydig 'n geïdealiseerde siening van Afrikanerskap te regverdig. As gevolg hiervan figureer die Afrikaner in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing hoofsaaklik as rassehater, onderdrukker, republikein en vryheidsvegter. Hoe hy geleef, gewerk en ontspan het, bly nog grootliks in duisternis gehul.

Hierdie referate wat in 1975 tydens die Taaljaar in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Universiteit van Pretoria gelewer is, poog om die Afrikaner in kultuurhistoriese perspektief te plaas. Uiteenlopende temas word behandel wat oor die algemeen glad nie met mekaar verband hou nie: die betekenis van die Genootskap van Regte Afrikaners, die Afrikaner se godsdiens, letterkunde, tuisnywerheid, musiek, kuns, verhoogkuns, kommandostelsel, sy staatkundige, ekonomiese en juridiese ontwikkeling, sy verhouding met anderskleuriges en sy trek na die stede kom onder meer onder die soeklig. Die poging om vrywel al die fasette van Afrikanerskap en Afrikanergeskiedenis te belig, is prysenswaardig, maar ongelukkig gaan die bundel mank aan 'n gebrek wat so dikwels werke van hierdie aard kenmerk: die Afrikaner en sy geskiedenis word in die algemeen in 'n presentistiese lig voorgestel. Byna deurgaans kry 'n mens die indruk dat die meeste referente reeds vooraf besluit het wat 'n Afrikaner behoort te wees, en dat die Afrikaner nie juis toegelaat word om self binne sy tyd en omstandighede te ontplooi nie. Dié benadering hou moontlik daarmee verband dat baie aspekte van die Afrikaner se verlede nog braak lê: gevolglik kan daar maklik vanuit die hede taamlik arbitrêre eienskappe aan die Afrikaner toegedig word, sonder dat dit op grondige navorsing berus. Verskeie opstelle is dan ook so oorsigtelik en met gemeenplase deurspek dat hulle nie juis iets nuuts oor die Afrikaner sê nie.

'n Merkwaaardige uitsondering is prof. F.A. van Jaarsveld se bydrae oor "Die Afrikaner se Groot Trek na die stede, 1886—1976". Hierdie opstel staan veral om twee redes sentraal in die bundel: in die eerste plek slaag prof. Van Jaarsveld daarin om met deernis en begrip oor die Afrikaner se bestaanstryd te skryf, sonder om hom te idealiseer; en in die tweede plek getuig hierdie opstel van verbeeldingrykheid en 'n gawe om in breë kwashale die ingrypende omwentelings in die Afrikaner se leefwyse uit te beeld. Op bondige wyse skets hy hoe die twee groot stede, Kaapstad en Johannesburg, die Afrikaners gedwing

het om hul bestaan te wysig; hoe hulle wanhopig probeer het om aan vreemde lewensbeskouings en die inperking van hul vryheid te ontkom deur nuwe trekke te organiseer; hoe hulle kort daarna genoodsaak was om as arbeiders die stede en 'n algemene nuwe leefwyse tegemoet te trek; hoe hulle uiteindelik tog daarin geslaag het om die uitdagings van die stad te bowe te kom, maar in dié proses Suid-Afrikans geword het. Bownal toon prof. Van Jaarsveld dat dit moontlik is om die Afrikaner se bestaanstryd te behandel sonder dat dit nodig is om teen die "boosheid" van die Britse imperialisme en die "gevaarlike" Swartes te velde te trek.

Die opstel berus op uitgebreide koerantnavorsing en 'n mens kan maar net hoop dat navorsers spoedig die weë wat prof. Van Jaarsveld gebaan het, met argivale navorsing sal opvolg. Een tema wat byvoorbeeld nadere toeligting verdien, is die mededinging tussen Afrikaners en Swartes as arbeiders in die stede. 'n Mens kan nie aan die indruk ontkom nie dat dit veral die Afrikaner se ervaring van industrialisasie en sy beleving van die Swartes as mededingers was wat kort daarna tot wetgewing gelei het om Swartes uit die Blanke samelewing te weer. Die Kaapse oosgrens is miskien te lank alleen hiervoor verantwoordelik gehou.

In teenstelling met prof. Van Jaarsveld se afgetrokke benadering verraai prof. P.J. Coertze se bydrae oor die vroeë verhouding tussen Blankes en anderskleuriges 'n strewe om sy eie eise en norme aan die Kaapse samelewing toe te skryf (vgl. veral p. 261). Navorsing wat reeds in die dertigerjare deur wyle dr. J. Hoge en onlangs deur dr. W. Freund onderneem is, toon dat bloedvermenging in die sewentiende en agtiende eeu op veel groter skaal voorgekom het as wat prof. Coertze se opstel wil voorgee. In die vroeë tydperk het die aanvaarding van die Christelike geloof toegang tot die Blanke gemeenskap verleen, en nie uitsluitlik velkleur nie. Prof. Coertze wys tereg daarop dat die Kompanjie die verbastering tussen Blankes en anderskleuriges per plakkaat verbied het. Maar dit was juis die grootskaalse bloedvermenging tussen die koloniste, insluitende vryburgers, en slawe wat tot hierdie stap gelei het. En bowendien weer-spieël die Kompanjie se siening en houding nie noodwendig dié van die Blanke koloniste nie.

Dr. J.C. Pretorius se deeglike opstel oor die Afrikaner se tuisnywerheid bied 'n welkome verposing te midde van al die abstrakte vryheidsideale en stryd om politieke voortbestaan. Sy bring die leser nader aan die mens en bied hom 'n blik op die plaaswerf, voorkamer, kombuis en slaapkamer. Hoewel dit deurskemer dat omgewingsinvloede 'n groot invloed op die Afrikaner se daaglikse bestaan gehad het, kry 'n mens tog plek-plek die indruk dat die Afrikaner se tuisnywerheid te staties voorgestel word. 'n Mens sou graag meer te wete wou kom oor die invloed van die Afrikaners se beweeglikheid op sy gebruiksvorwerpe, en waarom tuisnywerhede in Marico van dié in die westelike distrikte van die Kaap verskil het — of nie verskil hef nie.

Oor enkele van die oorblywende opstelle moet daar met 'n paar kantaantekeninge volstaan word. Prof. P.G. Nel se bydrae oor die betekenis van die Genootskap van Regte Afrikaners val uiteen in onverwerkte aanhalings. In 'n insiggewende opstel sit prof. P.S. Dreyer sy tipering van Afrikanerskap uiteen. Dit bly egter in 'n persoonlike siening steek wat geensins op objektiwiteit aanspraak maak nie. Prof. B.J. Engelbrecht behandel die godsdiens van die Afrikaner in terme van die konflik tussen die Calvinisme en die liberalisme en modernisme. Dit is waar dat die liberale sisteem teen die Afrikaner se godsdiens ingedruis het, maar dit is 'n ope vraag of daar nog van "egte Calvinisme" by die Afrikaner gepraat kan word. In sy oorsig oor die groei van die Afrikaanse letterkunde konsentreer C.H.F. Ohloff op die verbreding van die skrywers en digters se verwysingsraamwerk. Hy laat egter na om aan te toon dat die skrywers sodoende van die Afrikaner weggegroei het. In sy uiteensetting van die kommandostelsel spits dr. C.M. Bakkes hom hoofsaaklik op militêre strukture en organisasie toe, sodat daar weinig van die Afrikaner as soldaat en sy lewe op kommando tereg kom.

Die redaksionele versorging van die bundel laat veel te wense oor. 'n Algemene inleiding ontbreek, met die gevolg dat daar geen aanduiding gebied word van die verband tussen die keuse van temas en die leerntes in die geskiedskrywing nie. Daarby volg elke medewerker sy eie verwysingstegniek en ontbreek bronnelyste by sommige opstelle.

Miskien het die tyd nou aangebreek dat uitsprake oor die Afrikaner se rassehouding, sy godsdiens, sy ekonomiese lewe en so meer deur omvattende navorsing gerugsteun behoort te word. 'n Integrale geskiedenis van die Afrikaner sal moontlik 'n veelsydiger en mensliker wese na vore bring as wat dit tans die geval is.

A.G. OBERHOLSTER (red.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers*. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1978, 407 pp., kaarte, illustrasies, register, R10,00.

Met sy sewende bronnepublikasie bied die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN 'n nuwe perspektief op die Anglo-Boereoorlog. Hierdie keer is 'n digter aan die woord wat baie meer oor die menslike sy van die oorlog te sê het as wat dit met die vorige dagboekskrywers die geval was.

Jan F.E. Celliers se dagboekinskrywings handel hoofsaaklik oor sy beleving van die gebeure en mense rondom hom. As 'n kunssinnige mens wat nog boonop doof was, kon hy nooit tot die ander kommandolede deurdring nie; gevolglik moes hy na binne leef en het hy sy ervarings, frustrasie en lewensbeskouing in sy sakboekie aangeteken. Vir sy mede-burgers moes Celliers met sy fyn maniere, geleerde aanslag en voorliefde om te skryf voorwaar 'n vreemde wese gewees het: "Ik word in den regel misverstaan ... Mijn teruggetrokkenheid schijnt mij te omgeven met een waas van mysterie die de algemene nieuwsgierigheid opwekt. Kleine en groote handelingen die anderen onopgemerkt verrichten worden bij mij nauw nagekeken en gecriticeerd ... Wanneer ik in dit boekje zit te schrijven ben ik steeds een voorwerp van sprakelooze belangstelling, van minstens één paar fixeerende oogen, en telkens wordt mij gevraagd of ik een boek ga schrijven ..." (p. 158).

Celliers tree uit die dagboek as 'n teenstrydige mens na vore: hy bevind hom tussen sy afkeer in geweld en sy pligsbesef. Hy wou graag ook gevegsburger wees, maar vanweë sy gebrek en "andersheid" kon hy skaars 'n perd, saal en toom, en 'n bruikbare geweer bekom. Hy moes maar tevrede wees om kos te maak, die donkies en perde op te pas en na die kanonskote in die verte te luister.

Vir die militêre historikus moet Celliers se dagboek 'n teleurstelling wees. Omdat hy hoofsaaklik oor sy eie klein leefwêreld en die lotgevalle van sy medemens begaan is, laat hy hom selde oor militêre sake en veldslae uit. Hy vergoed egter ruimskoots hiervoor met sy boeiende beskrywing van die kommandolewe en fyn uitbeelding van situasies, mense en die gevolge van oorlog.

Net soos die Instituut se vorige bronnepublikasies is ook dié uitgawe redaksioneel goed versorg. In die inleiding word onder meer Celliers se deelname aan die Anglo-Boereoorlog, die geskiedenis van die verskillende manuskripte en die betekenis van die dagboek behandel. Aangesien Celliers hoofsaaklik oor sy eie gewaarwordinge en die saai daaglikse bestaan uitwei, bied hy die redakteur min geleentheid en rede om in verklarende note meer besonderhede oor krygsverrigtinge, persone en plekke te verstrek. Hierdie uitgawe berus nietemin op uitgebreide navorsing.

Celliers se dagboek is 'n werk in eie reg: sy uitbeelding van die burgers se klein bestaan bied van binne uit 'n boeiende blik op die oorlog.

J.T. DU BRUYN  
*Universiteit van Suid-Afrika*

KAREL BREYER, *Moskaus Faust in Afrika*. Seewald Verlag, Stuttgart, 1979, 302 pp., bibl., indeks, kaarte, illus.

Karl Breyer, reeds vir die afgelope twintig jaar Afrikakorrespondent vir etlike Europese nuusblaaië, woon met sy gesin in Johannesburg en is derhalwe in 'n beter posisie as sy oorsese kollegas om eerstandse kennis van die subkontinent aan die buitelandse nuusmedia te verskaf. 'n Geruime tyd reeds is Breyer besorg oor die eensydige verslaggewing wat daar oor Afrika in oorsese nuusblaaië verskyn. Die onderhawige werk het dit ten doel om hierdie eensydige beriggewing te weerlê en aan die lesers "die volle verhaal" te vertel.

Die toenemende kommunistiese aggressie in Suider-Afrika, veral nadat Angola en Mosambiek "bevry" is, vorm die sentrale tema van hierdie boek. Breyer wil in die eerste plek sy Europese lesers daarop wys dat Moskou se aanslag op Afrika 'n direkte bedreiging vir die bestaande demokratiese orde in Wes-Europa inhou. 'n "Rooi" Afrika sal Europa stadig in die Kremlin se wurggreep laat versmoor en politys tot 'n tweede Finland reduseer. Dit is een van Rusland se oogmerke om Wes-Europa genadeloos aan Moskou uit te lewer en Afrika vorm 'n sleutelposisie in die uitvoering van hierdie oogmerke.

Breyer kom tot die gevolgtrekking dat die Weste oënskynlik nie daartoe in staat is om Moskou se oogmerke korrek te vertolk nie. Trouens, Andrew Young beskou die aanwesigheid van ongeveer 50 000 Kubaanse troepe in 14 Afrikastate nie as 'n bedreiging vir die Weste nie, maar is daarvan oortuig dat

die Kubane se teenwoordigheid in Afrika 'n stabiliserende invloed op die andersins onsekere kontinent uitoefen. Terwyl die Weste hul blind staar teen die onpeilbare gevare van "rassisme en apartheid" bou Moskou met behulp van sy bondgenote, Havana en Pankow, 'n arsenaal op in Afrika wat vroeër of later die Weste van sy lewensnoodsaaklike hulpbronne gaan afsny.

Op behendige wyse gebruik Rusland die jong opkomende Afrikanasionalisme om uitvoering aan sy doelwitte te gee. Swart Afrika moet "bevry" word van die koloniale onderdrukkers en kapitalistiese uitbuiters. Eers nadat Moskou die "bevryders" aan die bewind gestel het, word "vryheid" omskrywe – dit word dan 'n "vryheid" van die diktatuur van die proletariaat. In hierdie verband dien Angola en Mosambiek as goeie voorbeelde, en die SWAPO-leier, Sam Nujoma, het reeds verskeie kere laat blyk dat hy aan mag en nie stemreg nie voorkeur verleen. Joshua Nkomo, wat sy opdragte direk van die Kremlin ontvang, se Patriotiese Front het ook weinig erg aan "majority rule" tensy dit sosialisme en rewolusie beteken.

Natuurlik werp Rusland alles in die stryd om die Republiek van Suid-Afrika onder sy beheer te bring, want die Republiek se val sal sy wurggreep op Europa 'n formaliteit maak. Gevolglik steun moskou die Swart bewussynsbewegings in die Republiek en doen hom selfs voor as vername pleitbesorger vir die Swart teologie – met die klem op die Kruis van Geweld en nie die Kruis van Liefde nie.

Omdat die Kommunistiese Party van Suid-Afrika in die Republiek 'n verbode liggaam is, sorg Moskou daarvoor dat dié party sy aanslag teen Suid-Afrika vanuit verskeie oorsese hoofstede, veral Oos-Berlyn, doelgerig voortsit. Met die ondersteuning van Oliver Tambo se ANC en dié SASO-beweging werp Moskou al sy kaarte op die tafel in 'n desperate poging om so gou moontlik die "bevryde Volksrepubliek van Azanië" in die lewe te roep.

Die Suid-Afrikaanse regeringsbeleid van onafhanklike Swart tuislande vir die verskillende bevolkingsgroepe dreig egter om Rusland se ideaal van 'n nie-nasionale, sosialistiese "Azanië" in die wiele te ry, aangesien etniese verskille beswaarlik oornag nie-nasionaal kan word. Gevolglik hou Rusland die etniese verskille van die Swartes graag voor as die "mite van Blanke oorheersing". Vanweë die feit dat talle Swartes in elk geval teen die tuislande gekant is en 'n ander politieke bedeling voorstaan, vind die Marxistiese propaganda vrugbare teelaarde.

Dit is interessant om daarop te let dat Rusland in sy pogings om beheer oor Suider-Afrika te verkry, versigtig is om nie self fisies in Afrika betrokke te raak nie. Sodoende kan die Russe aan die Weste, en ook Afrika, toon dat hulle bedoelings met "detende" eerlik en opreg is. Terselfdertyd kan Rusland die Westerse betrokkenheid in Afrika, soos onder meer in Shaba gedurende 1978, aan die Swartes as neokolonialisme voorhou. Op hierdie wyse boesem die Kremlin Afrika se vertroue in. Origens moet onthou word dat Rusland nooit aan die vorige eeu se wedloop om kolonies in Afrika deelgeneem het nie en daarom is hul geloofwaardigheid as "vriend en raadgever" van Afrika baie hoër as dié van die Weste wat 'n kolonialistiese tradisie agter die rug het.

Die Weste, wat tans van olie uit Nigerië afhanklik is, wil net soos in die geval van Rusland die guns en goeie gesindheid van Afrika wen. Vir die Weste is dit egter nie so maklik nie, want hul spook van imperialisme loop nog in Afrika rond. Ondersteun hulle in Suidwes-Afrika/Namibië die Turnhalle-alliansie word Sam Nujoma woedend. Ondersteun hulle in Zimbabwe-Rhodesië vir biskop Abel Muzorewa haal hulle hul die gramskap van die Patriotiese Front op die hals. Ondersteun hulle die Republiek van Suid-Afrika draai die hele Derde Wêreld teen hulle. Dit is die Weste se dilemma. Breyer slaag nie altyd daarin om die Weste se probleme in Afrika volledig te verklaar nie.

Die Russiese gevaar in Suider-Afrika bedreig beslis die vrede op die subkontinent. Met die toetrede van Moskou se getrouste bondgenoot, die DDR, tot die stryd in Suider-Afrika word die vrede nog meer bedreig, want dit is 'n bekende feit dat die DDR hom daartoe verbind het om, indien nodig, sy goed toegeruste leër, die "Nationale Volksarmee", in Afrika te gebruik. Vir hierdie doel het die veteraanrygsheld van die Spaanse Burgeroorlog en tans weermaghoof van die DDR, Karl Heinz Hoffmann, verskeie besoeke aan Afrikalande gebring. Dit wil voorkom asof die DDR steeds meer op militêre paraatheid klem lê. Sy weermag bestaan reeds uit 200 000 man en derhalwe mag die gevaar vanuit die nuwe Pruisie, die "rooi" Pruisie, nie onderskat word nie.

Of Breyer se werk die gewenste uitwerking gaan hê, naamlik om die Weste tot besinning te ruk, is 'n moeilike vraag. Onlangse bewerings dat Breyer voorheen 'n verbintenis met die Suid-Afrikaanse regering gehad het, plaas sy geloofwaardigheid egter enigszins onder verdenking.



LT.—GEN H.J. MARTIN and COL NEIL D. ORPEN, *South Africa at War, Military and Industrial Organization and Operations in connection with the conduct of the War, 1939—1945*. Purnell, Cape Town, 1979, xvi + 405 pp., illus., map.

In 1961, when Dr. Verwoerd closed down the Union War Histories Section of the Office of the Prime Minister, it seemed that South Africa might enjoy the unenviable distinction of failing to produce a record of her part in World War II. Among those most worried by this prospect were the ex-servicemen themselves, who felt that their contribution and that of their country were being given short shrift. Their concern led eventually to the creation of an unofficial body, The South African War Histories Advisory Committee, which was charged with the completion of a history of South Africa's part in the war. With the publication of this, the seventh volume in the series, the Committee's original project has been completed, though we are now told that an additional work is planned to cover the extensive operations of the South African Engineer Corps.

In *South Africa at War* General Martin and Colonel Orpen set themselves the daunting task of covering the vast field of military and industrial organization and effort in South Africa between 1939 and 1945. Their labours have involved extensive research among published and manuscript sources, many of which have never before been studied. Not surprisingly, then, the final result will be of great value to the serious student of South African military history, for it contains much detailed, albeit sometimes irrelevant, information.

Unfortunately, the book is not easy to read for the writing does little justice to the research. A tortuous prose style has resulted in the construction of some sentences which actually defy comprehension—see, for example, the third paragraph on page 42. The authors obviously write too close to their notes for they have succumbed to the lure which tempts most historians and have reproduced in their raw state too many of the hard-won fruits of their study. This fault has been noticeable throughout the series and it is to be hoped that it can be avoided in the forthcoming Engineers' history. Together with an over-sensitivity to the dictates of chronology, which has led to the fragmentation of the subject matter, it makes it difficult even for the informed reader to retain an overall grasp of the book's content.

In the Chairman's Foreword the authors claim that: "Since the CGS adhered to his own particular brand of organization for the post-war UDF, without having imbibed a single lesson learnt on the field of battle, it may be said that in this book, more than in any other of the series, the real lessons of World War II as far as the South African defence (sic) is concerned, may be learned." Some telling points are certainly made, particularly about the Government's policy on the use of Non-European servicemen. The problems created by General van Ryneveld's insistence on an overcentralised command system are also given prominence, though the authors' judgment may be affected by their curious obsessions with matters relating to seniority, rank and pay. Surely, too, there should have been room for some appraisal of Smuts's personal contribution to the war effort and of his influence, or lack of it, on Allied strategy as a whole.

Sadly, this volume confirms the impression that the damage done in 1961 to the serious study of military history in South Africa was irreparable. The disbandment of such an able group as the Union War Histories Section apart, it appears extremely unlikely that we shall soon see another military history in this country of the historical or literary standard of *The Sidi Rezeg Battles*.

RICHARD CORNWELL  
Pretoria

H.C. VILJOEN, *Die Viljoen-Familieregister*, 568 pp.; N.P. SELICK (compiler), Geredigeer deur L.C. ENDEMANN, *John Parkin of Baakens River Farm and his family, 1820—1970*, 111 pp.; DENIS RAUBENHEIMER (samesteller), Geredigeer deur R.T.J. LOMBARD, *Familia Raubenheimer*, 185 pp.; Aldrie R.G.N., 1978.

Hierdie drie jongste publikasies uit die produktiewe stal van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Afdeling Genealogie bring sy lys nou op elf te staan.

Die *Viljoen-Familieregister* is ter herdenking van die 300-jarige bestaan van die Viljoen-familie in Suid-Afrika opgestel deur prof. H.C. Viljoen van Stellenbosch. Dit bevat 312 foto's. Waardevolle inligting word verstrek oor talle lede van die Viljoen-familie, onder wie Sy Edele Marais Viljoen, Staatspresident, en prof. Gerrit Viljoen, Rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit en aangewese Administrateur-Generaal vir Suidwes-Afrika. Nog 'n bekende lid van die familie was die Boeregeneraal Ben Viljoen wat hom na die Tweede Vryheidsoorlog in die V.S.A. gaan vestig het, en wie se nasate nog daar woon.

*John Parkin* was die leier van 'n groep van ongeveer 10 gesinne uit Devonshire, Engeland, wat hulle in 1820 in die Oos-Kaap gevestig het. Parkin self het in 1826 die plaas Baakens River Farm (tans Fairview) naby Port Elizabeth gekoop waar hy tot sy dood gebly het. Negentig jaar na sy dood, in 1946, is vasgestel dat 'n onbeboude stuk grond in Korsten, Port Elizabeth, nog steeds in sy naam geregistreer was. Sy testament het bepaal dat die opbrengs uit die verkoop van die grond eweredig onder die erfename van sy tien kinders uit sy eerste huwelik verdeel moes word. Dit het daartoe gelei dat N.P. Sellick, 'n seun van Ella Maude Parkin, onderneem het om 'n volledige lys van sy nakomelinge op te stel. So het die register tot stand gekom. Ook aangetroude families word in die boek behandel.

Die tweetalige *Familia Raubenheimer* bevat 115 foto's en veel ander interessante inligting. Onder dié familie tel verskeie bekende figure soos onder andere die huidige Minister van Waterwese en Bosbou, Sy Edele A.J. Raubenheimer.

Hierdie is drie bydraes waarop die R.G.N. trots kan wees.

D.H. HEYDENRYCH  
*Universiteit van Pretoria*